waarheid & dwaling

MAANDBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS - JAARGANG 4, NO 7, JULIE 1998

# Wie nou swyg is liefdeloos

Hierdie uitgawe van Waarheid en Dwaling wil hoofsaaklik aan twee sake aandag skenk. Die een is ons tema wat ons reeds vroeër aangekondig het, naamlik dat ons gelowiges en kerkrade wil ondersteun in hulle hantering en beoordeling van die laaste algemene Sinode se besluite. Die tweede saak is die polemiek wat in die dagpers (Beeld) ontstaan het tussen die professore van die Teologiese Skool. Die gevaar bestaan dat lidmate nie van hierdie debat kennis neem nie, of dat dit as 'n vlieëvangery of as onheilige politiekery gesien word.

Hierdie debat is egter van groot belang vir ons kerke omdat dit vir ons die geleentheid bied om 'n diepte gesprek hieroor te voer. Die sake waaroor dit eintlik gaan behoort nou oop en bloot aan die orde gestel te word. Om díe rede probeer ons so volledig as moontlik verslag doen van hierdie debat.

Dit is uiters belangrik hoe gelowiges met mekaar praat is. Ook as daar ingrypende verskille is. Daarom moet ons in enige gesprek onsself aan twee reëls bind:

a) Ons moet na mekaar luister in 'n opregte poging om te hoor wat die ander se standpunt werklik is. So moet ons die waarheid altyd in liefde betrag. In so 'n gesprek moet ons mekaar aan ons ooreenkoms hou: naamlik ons belydenis op grond van die Skrif. Dit is juis hierin wat ons ons eenheid uitgedruk het. Indien dit blyk dat daar verskille is, moet ons die moed en oortuiging aan die dag lê om dit openlik te erken. 'n Skynheilige swye is baie meer skadelik as 'n oop gesprek waarin ons na mekaar luister.

b) Laastens moet ons die eenheid van die kerk van Christus heilig ag. Ons aanbid een Here, daarom is die liggaam van Christus een. Ons mag ons nie in 'n openlike konflik verlekker nie. Daar mag nie 'n telling gehou word van houe wat geslaan word nie. As daar twee rigtings in die GKSA is dan MOET ons mekaar vind – die heilige nagmaal van die Here en die inwoning van die Heilige Gees verplig ons tot daardie gehoorsaamheid. Ons mag mekaar nie loslaat nie, ons moet al die verskille in Gods Naam deurpraat, hoe pynlik dit ook mag wees. Ons glo aan 'n heilige algemene christelike kerk – hoe ons hierdie debatte gaan hanteer, sal wys of ons hierdie waarheid werklik glo.

Laat ons praat, want dit is liefdeloos om te swyg, of om agteraf te praat. Laat ons praat, om mekaar te vind, sodat ons kan wys dat wat ons oor onsself voor God en die wêreld, as die kerk van Jesus Christus glo, die heilige waarheid is.

Van die redaksie

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer

*Medewerkers:*
Prof JC Coetzee
Prof L Floor
Prof GJC Jordaan

*Redaksie-adres:*
Ds ALA Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380
Tel (01782) 2480

*Administrasie-adres:*
Veritas
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

*Intekengeld:*
R 50 per jaar

*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha

*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031

# Christen - die mees misbruikte woord

Skriflesing: **Hand 11:19-30; HKSo12**

Wat beteken dit om 'n Christen te wees? Christen wees. Dit is seker die mees misbruikte woord in die religieuse woordeskat. Christen.

Die woord word gebruik om enigeen wat enigsins religieus is, mee aan te dui.

En dan word daarmee bedoel dit is iemand in die hele wye spektrum van religieë met 'n verbintenis aan die Skrif en Christus, hetsy of hulle die Skrif gebruik, die Skrif misbruik, die Skrif gehoorsaam, en of hulle Christus se naam gebruik in geloof, ongeloof of bygeloof. Die woord is al so misbruik dat mense verkies om te praat van 'n wedergebore Christen. Dan bedoel hulle nou 'n regte Christen. Een wat sy Christenskap uitleef!

Díe benaming is egter onkonvensioneel. Dit is nie volgens ons belydenis nie. Dit is 'n totologie, 'n onnodige herhaling van woorde. Soos om te sê: "'n ronde sirkel".

Die konvessie ken nie iets soos 'n wedergebore Christen in teenstelling met 'n Christen nie. Want 'n Christen is per definisie wedergebore. Bekeer en vol van die Heilige Gees, en

INHOUD:

1 Redaksioneel
1 Skrifoordenking: *Christen - die mees misbruikte woord* Ds SJMS Smit
4 *Veelheid van volke is "onomkeerbare feit"* Prof GJC Jordaan
4 *Kerkblad-redakteur se standpunt teen Skriflering*
5 *Formulier van verdeeldheid* Ds AJA Buys
7 *Jy noem jouself 'n Christen* Prof B Holwerda
9 *Enkele vrae oor ons korrespondensie met buitelandse kerke* Dr JG Meijer
12 Boekbekendstelling

Ds SJMS Smit,
Parys

gelowig! 'n Dissipel van Jesus Christus!

Ons sien in Hand 11 waar die volgelinge van Jesus (die dissipels) die eerste keer Christene genoem word, **hoekom** hulle so genoem word! Daar is drie dinge wat kenmerkend aan 'n Christen is, wat ons by hierdie eerste dissipels aantref:

- hulle het die Naam van Jesus Christus **bely**,
- hulle het hulself aan sy diens **toegewy**,
- hulle het teen die sonde en die duiwel **gestry**!

Dit is ons belydenis, geliefdes. Kyk weer mooi na Antwoord 32, dit staan daar, 'n Christen doen 3 dinge: Bely, toewy, stry! Dit is die kenmerke van die lewe van 'n Christen. As iemand nie hierdie drie dinge doen nie, mag hy nie 'n Christen genoem word nie!

## Bely, toewy, stry!

Nadat Stefanus gestenig is oor sy geloof in Jesus, het daar grootskaalse vervolging in Jerusalem losgebars teen die gelowige Jode. Soveel so dat hulle moes vlug. Hulle lewens was in gevaar. En dan sien ons die merkwaardige: Die vervolginge het hulle nie tot stilswye gebring nie. "Hulle het die evangelie van die Here Jesus verkondig!" (:20)

Hulle het sy Naam **bely**, so ver as wat hulle gevlug het!

Hoekom?

Want hulle het dieselfde Gees gedeel as waarmee God die Vader sy Seun gesalf het. Die Vader het die Gees as't ware op sy Seun uitgegiet, daar by sy doop in die Jordaanrivier, sodat die Seun sy ampswerk, sy sending, dit waarvoor Hy mens geword het, dit waarvoor die Vader Hom na die wêreld gestuur het, sodat Hy sy Gees kon uitstort op mense!

In die eerste plek is Jesus gesalf tot Profeet en Leraar wat aan ons die vorborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het. En hoe het Hy dit gedoen!? Verkondiging, gelykenisse, ure met sy dissipels en ander mense in gesprek, profetiese redes, uitleg van die Skrifte, twisgesprekke met die Fariseërs en Sadduseërs.

En uiteindelik met sy voorbeeld, sy lyde, sy dood, ter wille van die boodskap van die Koninkryk van God. Sy betaling van die skuld by God sodat hulle kon sien wat Hy bedoel het, sy opstanding, laaste onderwysings en opdragte, sy hemelvaart!

So het Jesus, die gesalfde Profeet en Leraar, die verborge raad en wil van God aangaande die verlossing van die mens bekend gemaak. Hy het die Jode geleer: Verlossing lê nie in die offerbloed van beeste en ramme nie, dit lê nie in selfregverdiging deur goeie werke nie, onderhouding van bundels en bundels wette nie. Verlossing lê in sy offer wat Hy gebring het aan die kruis by Golgota!

En, het Hy ons verder geleer: ek kry deel aan hierdie verlossing langs die weg van die geloof. Ek kry deel aan die verlossing as die Gees wat op Christus neergedaal het, ook my hart vul, die geloof in my werk, my oortuig van my sonde, en my oortuig om met my sonde na die Here Jesus toe te gaan om vergifnis, en my dan bring om dankbaar voor God te lewe!

Die eerste dissipels, die vlugtelinge na die dood van Stefanus, kon nie stil bly oor hierdie verborge raadsplan van God wat Christus as Profeet en Leraar aan hulle openbaar het nie.

Dit het hulle dan ook gedoen. Hulle het gepreek! Hulle het **bely** dat Jesus die Christus is, en dat daar in sy bloed alleen vergewing van sondes en verlossing van die dood en oordeel van God is! Hulle het die verborge raad van God wat aan hulle geopenbaar is, bely!

As ons deur die geloof deel kry aan die salwing van Christus, dan kan ons nie anders nie, en dan mag ons ook nie anders, as om die Naam van ons enigste Verlosser te bely en te verkondig nie! Sy Naam bely met die mond! Sodat **ander** ook die verborge raad van God kan hoor!

Ons doen dit omdat ons **deur die geloof** deel aan Christus se salwing as Profeet het, en deur die geloof ook weet van die verborge raad van God, en deur die geloof ook opgeroep word tot verkondiging, belydenis van hierdie kennis, in sy Naam!

Maar Christen wees is nie net lippewerk, (belydenis) nie. Dit is ook werke, **toewyding**! Dat ek myself as 'n lewende dankoffer aan Hom toewy!

Toewyding. Jouself oorgee aan Christus! Dit sluit ook bekering in. Jy moet omdraai van die verkeerde weg, jy moet jou denke verander, jy moet anders oor die verlossing dink, jy moet jou bekeer tot Jesus Christus, tot geloof in Hom. Jy moet die hartlike voorneme hê om aan Jesus **getrou** te bly! 'n Hartlike voorneme. Jy neem in jou hart voor dat jy alles in jou vermoë sal doen om Christus nie in die steek te laat nie, om Hom nie teleur te stel nie, om aan Hom gehoorsaam te wees. 'n Hartlike voorneme om aan Christus **getrou** te wees! Dit is toewyding.

By die meeste "skyn" Christene ontbreek hierdie **hartlike** voorneme.

Die gelowiges in Hand 11 se toewyding het buiten hulle voorneme om getrou aan Christus te wees, op nog 'n manier sigbaar geword. Vers 29: toe hulle hoor van die nood en die hongersnood wat in Jerusalem sou kom, toe het hulle besluit dat iedereen van hulle na sy vermoë iets sou stuur tot versorging van die broeders in Judea. Om jouself en jou gawes

wat jy van die Here ontvang het, aan sy diens te wy, toe te wy, as 'n dankoffer.

## Hoekom?

Omdat hulle deur die geloof deel het aan die salwing van Christus (met die Heilige Gees) tot ons enigste Hoëpriester. Hulle het deel daaraan dat Hy onbaatsugtig ons met die enige offer van sy liggaam verlos het, en dat Hy nog as Priester, gedurig vir ons by die Vader intree! Hy het ons verlos, deur nie aan Homself in die eerste plek te dink nie, maar in die eerste plek aan ons, uit liefde vir ons het Hy Homself aan ons toegewy, as 'n offer wat vir God aangenaam is, aanvaarbaar is. Met sy lewe vir ons sondes betaal, om ons vry te koop, om diensbaar te kan wees in sy koninkryk. Hy het niks terug gehou nie. Hy het sy lewe afgelê vir sy skape, Hy die goeie Herder, vir ons, om sy kudde te kan wees, **om ons lewens aan Hom toe te wy**!

As ons dan deel aan die priesterskap van Christus, dan kan ons nie anders nie, geliefdes, ons moet ons lewens aan Hom **toewy**!

Nie om iets daarmee te verdien nie, maar om dankie te sê dat Hy die offer vir ons gebring het! En om dankie te sê dat Hy gedurig vir ons by die Vader intree met voorbidding!

## Geweldige woorde.

Christus bid vir ons! Sodat ons die sorg van God kan ervaar, sy liefde, sy seën! Wanneer ons dan seëninge uit die Vaderhand ontvang, het ons niks om op te roem nie, behalwe op Christus! Dit is danksy Christus dat ons enigsins iets het. En uit dankbaarheid moet ons die gawes wat Christus aan ons gee, met mekaar deel, in broederliefde.

In dieselfde liefde waarmee Hy sy lewe **nie** liefgehad het nie, maar **ons** liefgehad het, sodat ons die ewige Lewe in sy Naam kan kry!

Bely, toewy, en stry!

Bely en toewy bring stryd!

Stryd in die koninkryk van God! Die Gees waarmee Christus tot Koning gesalf is, ook die Gees onder wie se regering ons opgeroep word om die Swaard van die Woord te hanteer, teen die sonde en teen die duiwel. Die vroeë Christene in Antiochië het stryd gehad teen die sonde en die aanslae van die duiwel, daarom die vermaning in vers 23: Om aan die Here getrou te bly!

Ook uit die kultuurhistoriese gegewens, weet ons dat Antiochië 'n ryk handelstad was.

En soos dit nou maar dikwels die geval is, gaan rykdom, afvalligheid en sedeloosheid met mekaar hand aan hand. Buitekant die stad was 'n verruklike natuurparadys waar Apollo gedien is, en in die stad, towenaars, goëlaars, allerhande bygeloof en onsedelikheid wat deur die invloed van oosterse godsdienste vererger is.

## Daar was stryd

Stryd om nie hulle geloof prys te gee nie, stryd om nie meer toe te gee aan die verlokkinge en verleiding van die wêreld nie! Hoekom?

Omdat hulle deur die Woord en Heilige Gees van die gesalfde Koning Jesus regeer word! As Koning wil Hy dat hulle leef volgens Sy woord en volgens Sy wil. Dit is immers sy koninkryk. In die koninkryk van Koning Jesus moet alles volgens Sy wil geskied! En Koning Jesus wil sy verloste kudde bewaar in die verlossing wat Hy bewerk het. Hy wil nie hê dat **een** van hulle weer verlore moet gaan nie! Hy wil nie hê dat een van hulle weer na die ou lewenswandel sal terugkeer nie. Hy wil hulle met sy Woord en Gees aangord tot stryd! Om te bly in wat hulle geleer het! Om met 'n hartlike voorneme aan Hom gehoorsaam te bly! Om te stry teen die sonde en die duiwel!

Dit is Christen wees: bely, toewy, stry, omdat ons deur die geloof deel het aan die salwing van Jesus Christus! Deel het aan sy Woord, deel het aan sy offer, deel het aan sy koninkryk!

Christen wees! Bely, toewy, stry!

Dan wag daar ook 'n beloning! Ons sal in die ewige lewe saam met Christus oor sy skepsele regeer tot in ewigheid! 'n Koninklike priesterdom wat die Naam van Christus bely. Christene!

Hoekom word **u** 'n Christen genoem?

---


**FOLMER BOEKHANDEL**

19e laan 283, 0186 Villieria, Tel/Faks 012 - 329 0031

Vir die 'senior burgers' is daar 'n nuwe dagboek van ds D Grutter: *'DE GOUDEN NAJAARSLAAN'*. Van die tema's wat behandel word is: die verhouding met kinders en kleinkinders; uitsien na die wederkoms; die moeites wat gelowiges in hulle lewe kan ervaar; die verlies van 'n eggenoot; probleme met kinders en die gang na 'n versorgingshuis. Dit is 'n bundel bemoedigende dagstukke, om te lees en weer te lees, want daar word getuig van die nabyheid van die Here en die dankbaarheid wat daarmee gepaard gaan.

Prys is R95,80

'n Openhartige boek oor seks van die hand van Gerry Velema-Drent: *'SAVE SEKS '*. Dit is 'n soektog na Bybelse gedagtes oor seks en seksualiteit. 'n Diskussieboek - goed vir ouers en vir die jeug om kennis van te neem en om oor te praat. Openhartige gesprekke met jongeres word afgewissel deur elke keer weer te wys op die grootsheid van die skepping, ook in die seksualiteit.

Prys R 59,75.

# VEELHEID VAN VOLKE IS 'N "ONOMKEERBARE FEIT"

Artikel van prof. Jordaan uit die Algemene Kerkbode van 12,13 Junie 1998

Gemeet aan die jongste meningspeilings is die reënboognasie vinnig besig om sy glans te verloor. Die droom van versoening en integrasie van volke tot een nie-rassige Suid-Afrikaanse nasie ('one nation, one soul ...') is besig om in 'n nagmerrie te ontaard. Kenners is daarvan oortuig dat rassisme in die Suid-Afrikaanse samelewing nie afneem nie, maar toeneem. Dit alles ten spyte van verbeeldingryke pogings om die veelheid van volke tot 'n einde te bring.

Miskien is dit tyd dat ons besef dat die reënboognasie van sy heel eerste tree af skeef geloop het. Dit is immers die ou waarheid dat iemand wat sy eerste tree in die verkeerde rigting gegee het, pal van koers af bly, tensy hy weer voor begin. Dit is dus vir ons met die veelheid van volke in Suid-Afrika terug na blokkie nommer een.

Met die droom van 'n reënboognasie het ons mense se harte probeer verander deur vir hulle te sê dat volke glad nie belangrik is nie en dat elkeen sy eie volk moet opoffer op die altaar van vreedsame naasbestaan in ons land. Dit blyk nou dat hierdie pogings misluk het, miskien juis omdat dit die verkeerde vertrekpunt was. Miskien moet ons liewer as nuwe vertrekpunt neem dat veelheid van volke 'n onomkeerbare feit is.

Maar ons behoort dit ook om prinsipiële redes te doen. Want ons moet onthou dat God in die Bybel aan ons bekend maak dat Hy die Skepper van alle dinge is. God maak nasies en bepaal hoe lank hulle sal bestaan (Hand. 17:26). Elke menslike poging om 'n nuwe nasie te skep of om volke tot 'n einde te bring, is dus tevergeefs. In die Bybel word die geskiedenis van die toring van Babel as waarskuwing aan ons voorgehou (Gen 11).

Bowendien word ons ook in die Bybel geleer dat God oor die volke van die wêreld regeer. Die owerhede wat daar in elke volk is, is dienaars van God wat Hy ingestel het om sy orde in daardie volk te bewerkstellig (Rom 13). Maar sodra menslike owerhede ook oor ànder volke wil regeer, druis dit in teen die bedoeling van God. Dan begeer hulle 'n plek wat God alleen toekom.

Daarom is elke poging om baie volke onder een menslike regeermag in te trek, teen God gerig en deel van die optrede van die Antichris.

Dit is dus duidelik dat elke tree wat ons gee in die rigting om die volke in ons land tot 'n reënboognasie te versmelt en onder een owerheid saam te voeg, nie na orde en vrede lei nie. Dit kan in werklikheid nie anders as om in chaos te eindig nie.

---

# *KERKBLAD-REDAKTEUR SE STANDPUNT TEEN SKRIFLERING*

Brief aan Beeld van 27 Junie 1998, geteken deur proff. Herrie Van Rooy, Fika van Rensburg, Koos Vorster, Cassie Venter, Faan Denkema en Ben de Klerk.

In die Algemene Kerkbode van 12 en 13 Junie 1998 het prof. Gert Jordaan sy gereelde rubriek gepubliseer, onder die opskrif "Veelheid van volke is 'onomkeerbare feit". Prof. Jordaan is redakteur van Die Kerkblad van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) en soos die skrywers van hierdie brief verbonde aan die Teologiese Skool van die GKSA.

Die vermelding van sy redakteurskap van Die Kerkblad kan die indruk skep dat hy in die rubriek 'n amptelike standpunt van die GKSA, die teologiese skool of Die Kerkblad uitspreek. Dit is beslis nie die geval nie en dit wat hy geskryf het, is sy persoonlike standpunt.

In sy rubriek sê prof. Jordaan dat die "reënboognasie van sy heel eerste tree af skeefgeloop het". Hy neem dan dat die pogings om die reënboognasie te skep, impliseer "dat elkeen sy eie volk moet offer op die altaar van vreedsame naasbestaan in ons land".

Hy stel dit baie sterk dat "elke poging om baie volke onder een menslike regeringsmag in te trek, teen God gerig en deel van die optrede van die Antichris" is.

Ons is oortuig dat hierdie standpunt in teenstelling staan met dit wat die Skrif ons leer oor die verhoudings tussen en bestemmings van volke, soos vergestalt in besluite van Sinodes van die GKSA. Ons wil prof. Jordaan se beroep op die Skrif in hierdie rubriek ernstig bevraagteken.

Sy Skriftuurlike begronding van sy standpunte vertolk nie die begronding wat uit die Skrif en

Sinodebesluite beslag gekry het nie. Prof. Jordaan se standpunte in hierdie rubriek kom ooreen met standpunte in die verlede waarmee gepoog is om die beleid van afsonderlike ontwikkeling (apartheid) uit die Bybel te regverdig. Daarom vertoon hierdie standpunt 'n sterk ideologiese ondertoon en hou ook nie rekening met die werklikhede van ons kerke en die opset aan ons teologiese skool nie.

Aan die Teologiese Skool studeer tans studente van alle Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en ook van elders uit Afrika. Sy standpunt is 'n oorvereenvoudigde beoordeling van die ingewikkelde werklikhede waarin gelowiges vandag in Suid-Afika hulle lig moet laat skyn.

Hy sê byvoorbeeld dat God nasies maak en dat elke menslike poging om 'n nuwe nasie te maak of volke tot 'n einde te bring, tevergeefs is. Hy verwerp in hierdie trant die moontlikheid dat daar in Suid-Afrika nuwe nasievorming kan plaasvind. Die Afrikaner het tog self uit 'n verskeidenheid van volke deur die loop van die geskiedenis in Suid-Afrika onder die leidende hand van God ontstaan. God kan tog al ons pogings, al mag hulle swak en onvolmaak wees, in Sy diens gebruik.

Ons stel dit dus duidelik dat ons nie saamstem met die negatiewe toon waarvan prof. Jordaan se rubriek spreek nie. Ons ervaar ons burgerskap van die nuwe Suid-Afrika nie as 'n opoffering van ons eie kulturele wortels nie, maar wil juis as Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners 'n positiewe bydrae lewer tot die opbou van ons land.

---

# FORMULIER VAN VERDEELDHEID ?

Ds ALA Buys
Piet Retief

Die "twee stromings" in die Gereformeerde kerke het sterk na die oppervlak gekom met die professore van die Teologiese Skool se openlike polemiek in Beeld. (Sien die twee berigte hieroor op bl. 4 ). Hoeveel lidmate hiervan kennis geneem het, is 'n ope vraag, maar belangriker nog is die vraag hoeveel weet regtig waaroor hierdie debat ten diepste gaan.

Indien met die etikettering van die twee stromings as "vernuwend en tradisievas" gewerk word (prof. Koos Vorster se terme), sou die antwoord eenvoudig blyk te wees. Die polemiek sou dan neerkom op 'n politieke stryd tussen ses professore wat die nuwe Suid-Afrika en hulle burgerskap daarin positief beleef en prof. Gert Jordaan wat apartheid voorstaan en taamlik suur is oor die "rainbow nation" Die saak is nie so ooglopend eenvoudig nie. Die polemiek is nie 'n politieke kwessie nie, dit gaan nie oor 'n keuse teen apartheid en vir die koninkryk van God nie. As dit maar so eenvoudig was !

Hierdie polemiek, asook die hele kwessie oor die "twee kerke" in die GKSA het niks met 'n stryd tussen vernuwing en tradisievastheid te doen nie. (So terloops, hierdie twee terme bly etikettering al word dit ontken en is niks anders as die ou truuk van prof. Willem de Klerk wat van "verkramp en verlig" gepraat het nie).

## Kern van stryd

Daar is nie 'n stryd in die GKSA oor vernuwing en mense wat daarteen is omdat hulle te tradisievas is nie. Daar is wel 'n stryd oor hoe ons die Woord van God lees. Daar is wel 'n stryd of ons nog die eerste sewe artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis (N.G.B.) bely soos dit daar staan. Daar is wel 'n stryd of ons nog hermeneuties kan praat van die formuliere van eenheid of het die eerste sewe artikels van die N.G.B. dit nou 'n formulier van verdeeldheid gemaak ?

## Klagstaat

Wat is die ses professore se aanklag teen prof. Jordaan ? Hulle sê" "Ons wil prof. Jordaan se beroep op die Skrif in hierdie rubriek ernstig bevraagteken". Hulle bedoeling is dan om aan te toon dat prof. Jordaan die Skrif ideologies misbruik om sy eie apartheidsteologie te regverdig. Maar is dit werklik waaroor dit gaan?

In hierdie saak moet ons die kaf fyn van die koringkorrels skei. Hier kan een van twee dinge bedoel word:

- Dat dit wat prof. Jordaan in sy Algemene Kerkbode artikel sê glad NIE GELDIG is nie, nooit geldig was nie, en nooit in die toekoms geldig sal wees nie, omdat dit met die Skrif en belydenis in stryd is. Indien dit waar is, verkondig prof. Jordaan 'n dwaling en is hy in stryd met sy eie ondertekeningsformulier en moet die kerklike weg gevolg word.
- Of 'n tweede moontlikheid is dat prof. Jordaan se eksegese as NIE MEER GELDIG beskou word nie, omdat daar met nuwe en ander Skrifuitleg maniere gewerk word. Indien dit waar is, word prof. Jordaan se eksegese beskou as oud en daarom as nie meer geldig nie. As sodanig is sy standpunt nie polities korrek vir die nuwe Suid-Afrika nie en 'n verleentheid vir sy kollegas wat "wil rekening hou met die werklikhede en die opset aan ons Teologiese Skool".

## Eksegese nie verkeerd bewys

Die vraag is dus nie 'n pro- of anti-apartheidskwessie nie. Hoe gouer ons dit besef hoe beter. Die vraag is Skrifbeskouing. Nêrens sê die ses professore presies hoe prof. Jordaan se eksegese oor Hand 17:26, Gen. 11 en Rom. 13 verkeerd is nie. Hulle sê slegs dat dit in stryd is met "wat die Skrif leer oor die bestemmings van volke, soos vergestalt in die besluite van die sinodes van die GKSA". Dis darem so wyd gestel dat mens die spreekwoordelike tradisionele ossewa hierin kan draai.

Watter een van hierdie twee moontlikhede, hierbo gestel, is die waarheid ? Dit sal nie betaam om namens die ses professore hierdie vraag te antwoord nie, maar meer helderheid word dringend hieroor verlang. Om hierdie spyker dus goed in te slaan: indien punt (2) waar sal blyk, deug dit nie om te sê: "iemand misbruik die Skrif met ou eksegese en hou nie rekening met die nuut ontwikkelde werklikheid nie".

## Post-modern

Elke lidmaat wat vashou aan die eerste sewe artikels van die N.G.B. mag dus vra: het die post-moderne manier van Bybel lees nou in die GKSA ons onderlinge ooreenkoms in die belydenis verdring ? Wat is die waarheid ? Word hier gewerk met die veronderstelling dat eksegese ongeldig is as dit oud is, en dat Skrifuitleg net bruikbaar is vir nuwe werklikhede as dit nuut en kontekstueel is ? Indien dit waar is dat post-moderne eksegese op die Teologiese Skool staanplek begin kry, is dit groot rede tot kommer vir die kerke. Post-modernisme se hantering van die Woord van God is hoegenaamd nie gereformeerd nie. Dit sou immers oneerlik en skynheilig wees om so 'n indruk te probeer wek.

## Bi-fokale bril

Ons mag hierdie saak nie blou-blou onder die matjie in vee nie. Die negende gebod, waar die waarheid in liefde betrag moet word, waar die leuen uitgewys moet word, eis 'n oop en eerlike gesprek hieroor. Ons mag nie mekaar belieg en sê: 'ons is tog nog almal gereformeerd, ons verskil net oor die belewing van ons burgerskap', terwyl ons in ons harte weet dat ons paaie oor hermeneutiek, en nie oor politiek, dreig om uit mekaar te gaan. Kan ons die Bybel met 'n bi-fokale bril van "geldig" en "nie-meer geldig" lees ? Is eksegese geldig al is dit oud ?

Gereformeerdes (wat dus die kerkeenheid in die belydenis wil bewaar) lees die Heilige Skrif nie met so 'n bril nie.

Oor die Woord van God glo ons:

- Dat die Bybel die Woord van God is.
- Dat alles wat ons moet glo tot God se eer en tot ons saligheid daarin geskryf staan, sodat ons God reg kan ken en Hom kan dien.
- Ons glo dat tye wel verander, maar dat God as die Waarheid nie verander nie.
- Ons glo dat ons samelewing en ons norme en wette, ook op die politieke terrein in die nuwe Suid-Afrika, moet wees volgens God se geopenbaarde waarheid, en nie anders om nie. Ons glo nie dat die Woord van God vir elke geslag iest nuuts en vreemd en anders sê nie, alhoewel ons bely dat daar 'n voortgang in die openbaring is.
- Ons glo dat die geskiedenis onherroeplik voortstu na Christus se wederkoms, en dat daar inderdaad nuwe gebeurtenisse plaasvind, maar dat God se lewende en onveranderlike Woord steeds ons enigste betroubare rigsnoer is om ons hele lewe daarvolgens te rig.
- Ons glo dat God se waarhede wat Hy in sy Woord openbaar vas en seker is en dat die Heilige Gees dit vir ons uitlê en ons daarin lei.
- Ons glo dat die waarheid van God se openbaring geen menslike waarborg nodig het nie, omdat God net by Homself sweer oor sy waaragtigheid.
- Ons glo dat God die mens(like) geslagte elkeen IN sy eie bepaalde konteks aanspreek maar dat God se waarheid nie VANUIT daardie mense se konteks en leefwêreld kom nie.
- Ons glo dat die Woord van God geldig is vir alle tye en in enige omstandigheid gehoorsaam moet word.
- Ons glo dat God openbaar wat die onderskeid tussen waarheid en dwaling is, en nie maar net wat die grens tussen "geldig" en "nie-meer geldig" is nie.
- Ons glo dat gedurige reformasie nodig is, deur gedurige gehoorsaamheid aan die Heilige Skrif.
- Ons glo dat die kenmerke van die ware kerk(lidmaat) duidelik en ondubbelsinnig uit die Woord van God blyk.
- Ons glo dat die welsyn van die liggaam van Christus en die eenheid van die kerk in direkte verband staan met die kerk se gehoorsaamheid aan God se geopenbaarde wil. Verbondsbeloftes eis verbondsgehoorsaamheid.

Omdat ons hierdie waarhede glo, en reeds in ons belydenisskrifte opgeteken het, verwerp ons in ons huidige tydsgewrig:

1 Enige post-moderne lees van God se Woord asof God se waarhede tydelik sou wees ("meer" en "nie meer" geldig).

2 Ons verwerp enige poging om die Woord van God vanuit huidige veranderende menslike konteks te verstaan.

3 Ons verwerp alle pogings om die Woord van God as gesagvol te beskou slegs sodat die mens dit vanuit sy eie werklikheid gesagvol maak vir sy eie situasie.

4 Ons verwerp enige oneerlikheid wat nie presies sê wat die hartsbedoeling met Skrifuitleg is nie.

5 Ons verwerp enige poging van iemand wat die Skrif probeer aanpas om polities korrek te wil wees.

6 Ons verwerp enige siening wat sê dat 'n standpunt vals is net omdat dit oud is, of waar is net omdat dit nuut is (eksegetiese ewolusionisme).

7 Ons verwerp daarmee saam enige tradisievastheid wat in stryd is met die Skrif en belydenis, asof die standpunt nou weer waar sal wees net omdat dit oud is (eksegetiese konserwatisme).

Ons spreek voor God die hoop uit dat Hy sy kerk in hierdie waarheid mag bewaar, en in hierdie dae teen hierdie dwalings mag beskerm. Dit gaan immers nie oor 'n individu se sogenaamde waarheids INSIG nie, maar oor ons almal se gemeenskaplike GELOOFsbelydenis.

---

# JY NOEM JOUSELF 'N CHRISTEN. Profeteer dan God se raad.

Prof. B. Holwerda.
Kampen.
(Uit: De dingen die ons van God gesckonken zijn. Verkorte weergawe p 167-177)

In Sondag 12 van die Heildelbergse Kategismus doen ons belydenis van twee dinge: oor ons Heiland en oor onsself. Ons sê van Hom dat Hy die Christus is. En aangaande onsself spreek ons hardop uit dat ons Christene is. Maar as ons hierdie twee dinge bely, dan praat ons daarvan in onderlinge samehang, naamlik dat ons belydenis in Christus nooit losgemaak is van die tweede deel, ons christen-wees nie. Want Christen wees is alleen moontlik deur die geloof in Christus: ek is 'n christen, alleen omdat ek Hom as Christus bely. Hierdie belydenis van Hom as die Christus beteken tog altyd dat ek sy salwing deel, dat ook ek in Hom deur die Vader geroepe is en met die krag van die Heilige Gees bekwaam gemaak is, dat ook ek die mandaat en die krag ontvang het om sy werk te volvoer in hierdie wêreld. Ek kan dit nie alles oor myself sê sonder dat ek eers belydenis oor Hom doen nie. As ek Hom as die Christus bely, kan ek nie daar bly staan nie, want ek moet daarmee saam oor my eie salwing praat.

Deur dit wat ons hier bely, het Christus eenmaal vir Simon Petrus salig gespreek, en op grond van hierdie belydenis van Petrus wil hy die gemeente bou. Hy spreek ons salig, omdat die inhoud van Sondag 12 nie aan ons geopenbaar is deur vlees en bloed nie, maar deur die Vader in die hemel.

## Lewe verloor en behou.

Dit is die rykste belydenis waartoe 'n mens kan kom, maar dit is tegelykertyd ook die verskriklikste belydenis. Ons is salig, omdat die Vader dit aan ons openbaar, en tog huiwer ons ook, want vlees en bloed spreek daarteen. Die openbaring van die Vader oorwin die ergernis van vlees en bloed, maar ons verheug ons met vrees en bewing, want vlees en bloed begeer teen die openbaring van die Vader. Deur hierdie belydenis sal ons saam met Christus ook ingaan in die heerlikheid van die Vader, maar ons huiwer ook, want wie agter Christus aan wil kom met die belydenis van Sondag 12 in die hart en mond, moet homself verloën en sy kruis opneem.

Hierdie belydenis beteken die verlies van ons lewens: die wêreld sal ons kruisig. Alleen so kan ons ons lewe behou: die Vader sal ons in sy koninkryk inbring. Die een gaan nie sonder die ander nie.

## Dodelike erns

Dit gaan oor meer as die pragtige onderskeid van koning, profeet en priester. Dit gaan oor die dodelike erns van die dinge. As dit hier sou gaan oor die spel van denke, oor die skerpte van die intellek, sou die wêreld ons uitlos. Maar dit gaan hier oor die inhoud van ons geloof, oor die keuse van ons hart. As ek Christus met die hart glo en met die mond bely, loop ek vierkantig in die wêreld vas. In hierdie belydenis steek beide vertroosting en verskrikking.

Ons staan hier voor die werklikheid van lewe en dood tegelyk. Ons kan met hierdie belydenis geen enkele illusie hê oor die wêreld

nie, en net so min oor God. Ons doen oop oë belydenis: Ons weet kruisiging wag. Ons weet die kroon wink. Christus is deur die Vader verordineer en met die Heilige Gees gesalf tot ONS hoogste profeet. Ons bely dus hardop dat Hy bekwaam gemaak is om ons die verborge raad van God en wil tot verlossing volkome te openbaar. Daar staan nie God se wil tot versoening of iest dergeliks nie. Dan sou ons alleen dink aan die kruis, aan die openbaring van die noodsaak en sin van sy bloed. En dan sou die verlossing uit ellende van hierdie tyd prakties daarbuite val.

## God se raad en rampe.

Dit gaan oor die raad van God tot verlossing. Verlossing uit nood en dood. Die verlossing van sondes, natuurlik, maar ook die verlossing uit ons angste en moeite van vandag. Christus openbaar hierdie raad aan ons volkome, ons weet dus nou al reeds daarvan. Natuurlik nie van die tye en geleenthede wat die Vader in Sy eie mag vasgestel het nie, maar tog van die Vader se verlossingsplan, soos Hy dit ook vandag tot uitvoer bring.

## Waarom oorloë

Oorloë getuig van die besondere aktualiteit daarvan, want ons almal dink daaroor: die raad van God in alles.

Waarom laat God sulke verskriklike oorloë en rampe kom, wat is die sin hiervan, en wat is die einde van dit alles ? God se raad in al hierdie dinge knaag aan die hart van die mens, dat dit tot God se verlossingswil kan behoort.

## Ons kan profeteer

Die kerk bely te midde van hierdie nood: Ons weet alles daarvan af. Christus het dit volkome geopenbaar. Ons weet deur die geloof dat ook die gebeure van hierdie tyd opgeneem is in God se verlossingsplan. Ons ken die sin en einde van alles. Nee, nie dat ons voorspellings gaan doen nie, want dit kom ons nie toe om die tye en geleenthede te weet nie. Maar wel kan ons nou oor ons eie tyd profeteer.

Nie dat ons dit aldag doen nie, want ook ons sit telkens met: wat moet gebeur? Die spanning verteer ons. As ons in die geloof staan vra ons nie meer na die sin van alles nie, want ons bely: ek weet alles daarvan af, dit is volkome aan my geopenbaar.

Christus het gepraat van die kruis, maar ook van dit wat daarop volg. Hy het vir ons gesê dat ons nie anders as deur vele verdrukking kan ingaan in die koninkryk van die Vader nie. Hy het gesê dat die dood die laaste vyand is wat vernietig word.

## God dryf die wêreld na voleinding

En ook, dat God die wêreld na die voleinding dryf met oorlog en honger, deur rewolusie en pes, deur kerkvervolging en wêreldchaos. Hy het bekend gemaak dat hierdie donkere raad tog die raad van verlossing is, omdat die dood die afsterwing van die sonde is, omdat die kerk deur lyding geheilig word, en daardeur leer om nie op homself te vertrou nie, maar in God wat die dode lewend maak. God druk in die laaste dae die wêreld ryp vir die einde en die vernuwing van alle dinge.

Geloof in Jesus Christus as hoogste Profeet beteken om Hom hierin te aanvaar.Dit beteken om in Hom te berus, ook as Hy God se moeilike raad aan ons openbaar. Nie dat ons nie in Hom glo nie, maar dat ons die hele stuk van die raad wat Hy openbaar, as realiteit in ons lewe moet ervaar. Ons het vir Hom gesê: U het die Woorde van die ewige lewe. En ons sê dit gemaklik, toe die lewe bloei en die dood ons nie van alle sye omring nie. Ons weet wel dat die dood die laaste vyand is wat oorwin moet word, maar ons besef nie wat dit inhou nie. Maar God plaas ons lewe midde in die dood, die rampe en oorloë en teëspoede, sodat ons dit eintlik nie kan verwerk nie.

En nou sê God: glo jy nog in Jesus Christus – jou hoogste Profeet ? Aanvaar jy dat dit die Raad tot verlossing is, ook as jy dit nie kan verwerk nie ? En nie maar net, glo jy dat dit so is nie, omdat die feite so sê, dat jy dit nie kan teëspreek nie. Maar aanvaar jy dit is die plan van God se verlossing, omdat Christus so sê ?

Kan jy in hierdie Christus rus vind ? Aanvaar jy wat Hy sê oor die laaste vyand, nie maar net solank jy jonk en gesond en nie so baie oor die dood dink nie. Maar aanvaar jy dit ook as jy merk dat jy eintlik elke dag swakker word, rus jy dan nog in hierdie Christus ? Ons weet dat die wêreld eenmaal sal vergaan. En ons vind wat die Bybel daaroor sê heel interessant. Ons hoop net dat dit nie in ons leeftyd sal gebeur nie, want ons werk almal aan die opbou en bloei van die wêreld. En dan kom die ontstellende afbraak, soos ons nooit gedink het sal gebeur nie, as ons welvaart te gronde gaan. Nou sê God: glo jy in Jesus Christus, in wat Hy as hoogste Profeet vir jou gesê het ? Glo jy dat DIT die raad van verlossing is, al kan jy niks daarvan sien nie, dat jy nog rus vind en nog sê: ek vertrou op God se Woord.

Laat ons eerlik wees, eintlik wil ons dit nie sê nie.Vlees en bloed skop daarteen. As ons ooit aan eie lyf die botsing tussen God se openbaring en die begeerte van die eie vlees gevoel het, dan is dit dat ons moeilikhede beleef. Paulus het ook daarmee geworstel toe sy dood ophande was. Hy sug, omdat hy eerder oorklee as ontklee wil word. En dit is in 'n sekere sin ook waar van ons. Ons sou graag die heerlikheid van die glorie van die Vader

beleef, maar deur die afbraak van die wêreld heen ? Dit laat ons sug in onrus. Maar as ons al die onsekerhede van ons tyd benader vanuit die sekerheid van die raad van die verlossing dan vind ons weer rus. Die onsekerheid oor die verloop van sake kon die sekerheid van die raad van verlossing nie meer skok nie. Alles behoort tot die Raad van verlossing: oorlog en vrede, oplewing en ontwrigting, lewe en dood, vryheid en binding – alles.

En alleen so vervul ons ons profetiese roeping in hierdie wêreld. Want Christen-wees behels meer as om op Christus te vertrou, dit is om deel te hê aan sy salwing. Saam met Hom is ons geroepe tot profesie. Nie dat ons Christus se profesie aanvul nie, maar sy profesie verder dra die wêreld indra.Ons het die salwing van die Heilige Gees en weet nou al hierdie dinge.

As jy sê: ek glo in Jesus Christus, is dit goed – as jy maar net jou lewe wil verloor. Wie sy lewe voor die wêreld wil behou, moet nie by Christus – die hoogste Profeet – wees nie.

---

# ENKELE VRAE OOR ONS KORRESPONDENSIE MET BUITELANDSE KERKE

Dr JG Meijer

**Gereformeerde kerke herken en erken mekaar vanweë die Godgegewe eenheid in leer, diens en tug. Hulle gee aan die ekumeniese karakter van Christus se kerk gestalte deur met mekaar 'n kerkverband aan te gaan en met kerke in die buiteland te korrespondeer.[1] Kerklike korrespondensie behels heelwat meer as onderlinge briefwisseling en die uitruil van gedrukte sinode-acta ...**

Kerke wat met mekaar korrespondeer, aanvaar mekaar se lidmaat-getuienisse as wettige attestasies.[2] Ook erken hulle alle ampsdraers van die korresponderende kerke as wettige ampsdraers. 'n Kerkraad het die bevoegdheid om 'n dominee uit 'n korresponderende kerk te laat voorgaan in die bediening van die Woord en die sakramente. 'n Gemeente kan só 'n predikant selfs beroep.

Die gawe van die eenheid in die waarheid[3] hou - soos alle verbondsbeloftes - 'n opdrag in. Die HERE roep ons sowel in die plaaslike kerk as in die kerkverband en in ons ekumeniese samelewing tot die ernstige "strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede."[4] Die uitstuur van sinode-handelinge aan die korresponderende kerke moet in hierdie lig beskou word. Ons versoek hulle nie om slegs kennis te neem nie. Nee, dit is die bedoeling dat hulle die acta noukeurig nagaan, op ons kerklike lewe ag gee[5] en ons betyds waarsku oor uitsprake wat nie met die leer van die Skrif en die belydenis ooreenstem nie. So staan korresponderende kerke mekaar by in die bewaring van die ekumeniese eenheid in leer, diens en tug.

Die kerke voer korrespondensie met die buitelandse kerke deur middel van deputate. Die Sinode benoem die Deputate Korrespondensie met Buitelandse Kerke (DKBK). Hulle ontvang opdragte en moet oor die uitvoering daarvan aan die volgende Sinode rapporteer. Dié Sinode beoordeel sorgvuldig in hoeverre deputate se aktiwiteite bygedra het tot die ekumeniese bewaring van die eenheid in die waarheid.

Met die oog op hierdie gawe van en roeping tot wêreldwye eenheid volg hier 'n kort weergawe van handelinge met betrekking tot vier van die buitelandse kerke waarmee die GKSA korrespondeer en die vrae wat hierdie handelinge oproep.

## Die Reformed Churches in Botswana

Een van die partikuliere sinodes versoek aan die Sinode van 1997 om korrespondensie met 'n pas gestigte kerkgemeenskap in ons buurland Botswana aan te gaan.[6] Die broeders vertel in hulle voorlegging hoe dié gemeenskap tot stand gekom het. Een van ons professore het insette by die opstel van hulle (verkorte) kerkorde gelewer. Die Sinode besluit om korrespondensie met die Reformed Churches in Botswana aan te gaan. Hy dra aan die DKBK op om die besluit uit te voer.[7]

Hierdie gang van sake roep twee vrae op. Vraag een: Het die Sinode seker gemaak dat die kerke en die ampsdraers in Botswana hulle kerkordelik in alles aan die leer van die Skrif en aan 'n belydenis in ooreenstemming met die Woord bind? Vraag twee: Het die Sinode wel versigtig genoeg opgetree en nie oorhaastig besluit om dié kerklike korrespondensie aan te gaan nie?

Korrespondensie is 'n kerklike saak wat alle kerke saam behartig en derhalwe by die meeste kerklike vergadering, die sinode, tuishoort.[8] Daarom behoort daar eers 'n grondige ondersoek deur deputate van die gesamentlike kerke ingestel te word. Daarna stel die Sinode in die lig van die bevindings van deputate vas of die kerke die voorgestelde korrespondensie kan aangaan.

Met die gesamentlike kerklike karakter van die korrespondensie in gedagte sou die Sinode

[1] KO, art. 52

[2] KO, art. 82.

[3] Joh 17:14-21.

[4] Ef 4:3.

[5] Vgl. Heb 10:24.

[6] 179-181.

[7] 181:15.2.

[8] KO, art. 30.

[9] 202-203:4.6.1-4.6.2. DKBK het inligting gekry van die CRC, die genoemde Konferensie, die Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland, uit die Acta van die Reformed Churches of New Zealand en van prof A le R du Plooy wat in 1996 'n reis na Noord-Amerika onderneem het.

[10] 207-208:4.6.8. Sien ook 208:(b)-(f).

[11] 213:ii.

[12] 213:2.1.8.1-2.1.8.2.

[13] Sien o.m. Ex 23:2.

[14] 207-208:4.6.8.

[15] 1 Joh 4:6.

myns insiens beter besluit het om die versoek van die Partikuliere Sinode na Deputate Ekumeniese Sake te verwys met die opdrag: Stel vir alle kerke tesaam 'n gefundeerde ondersoek in en adviseer die volgende Sinode of dié korrespondensie aangegaan kan word. Intussen kan deputate hierdie kerke op hulle versoek in die opbou van hulle kerklike lewe bystaan.

## Die Christian Reformed Church (CRC)

Die CRC wat 'n aantal jare gelede die korrespondensie met die kerke in die verband van die Nasionale Sinode opgeskort het, besluit om na ons land se politieke omwenteling in 1994 die bande met ons te herstel. Intussen groei die getal beswaarde broeders en susters in hulle eie midde. In November 1995 word 'n 'Interclassical Conference' naby Chicago gehou. Baie lidmate skei van die CRC af. Hulle stig die 'Covenant Union of Christian Reformed Churches' in Noord-Amerika.[9]

Die motiewe vir hierdie afskeiding? Die volgende word genoem:

* Die toleransie van 'n Skrifbeskouing waardeur byvoorbeeld vroulike lidmate tot die besondere ampsdiens toegelaat word;
* voortsetting van die korrespondensie met die Gereformeerde Kerken in Nederland en die invloed van hierdie kerke op die CRC, byvoorbeeld in die verandering van oordeel oor homoseksualisme;
* opskorting van die bande met die GKSA, terwyl korrespondensie met die Gereformeerde Kerken in Nederland voortgesit word;
* toelating van dooplede (kinders) aan die nagmaal;
* opsionaliteit van die tweede erediens en
* onordelike hantering en selfs ignorering van die kerkorde en sinodebesluite.[10]

Die Sinode skakel twee deputaatskappe in om meer duidelikheid oor die kerklike situasie in Noord-Amerika te kry. Aan die DKBK word opgedra om al die onopgeloste vrae en aanverwante sake met die CRC te bespreek. Hulle moet aan die volgende Sinode oor hulle bevindings rapporteer en na aanleiding daarvan advies gee.[11]

Die Deputate Ekumeniese Sake kry die opdrag om kontak met die afgeskeie kerke in Noord-Amerika op te neem met die oog op moontlike nouer bande. Kontak met die afgeskeie kerke word onderhou totdat die volgende Sinode 'n oordeel oor die geskille in die CRC gevorm het.[12]

Die feit dat die Sinode die ondersoek na die kerklike breuk in Amerika tussen hierdie twee deputaatskappe verdeel, impliseer twee voorlopige oordele. Die CRC word weens ons voortsetting van die korrespondensie (nog) beskou as kerke met wie ons een is in leer, diens en tug. Die afgeskeie kerke word daarenteen beskou en behandel as kerke waarmee (tans) nog geen korrespondensie gevoer kan word nie. Daar kan in die toekoms moontlik nouer bande met hulle aangeknoop word. Deputate Ekumeniese Sake moet eers nog bepaal of hulle werklik met ons een is in leer, diens en tug.

Die twee partye in Noord-Amerika word verskillend, ja uiteenlopend benader. Die Sinode erken die een party, die CRC, (nog) as ware kerke. Hy aanvaar (nog) nie die ander party, die afgeskeie kerke, as korresponderende kerke nie. Sodoende tree hy partydig op.[13] Waarom het die Sinode nie die korrespondensie van ons kant met die CRC voorlopig opgeskort nie? En aan een deputaatskap opgedra om sowel die CRC as die afgeskeidenes se binding aan die Skrif, die belydenis en die kerkorde te toets en op grond daarvan die volgende Sinode noukeurig in te lig en te adviseer?

Daar is nog 'n saak wat in hierdie verband ons aandag moet kry. Die rapport van die DKBK vermeld, dat die Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland die korresponsie met die CRC verbreek het.[14] Wat is die oorsaak dat die Sinode die geskille in die CRC nog nie kan beoordeel nie, nadat ander buitelandse kerke reeds klaar die bande met die CRC verbreek het? Hou die DKBK ontwikkelinge in buitelandse kerke genoegsaam dop om in die geval van afdwaling betyds liefdevol te kan vermaan? Is dié deputaatskap voldoende beman om die belangrike saak van korrespondensie wel die nodige aandag te laat ontvang? Of ly die kerke aan oordeelsverswakking in die tydige en stiptelike onderkenning van die Gees van die waarheid en en die gees van die dwaling?[15]

## Die Reformed Churches of Australia (RCA)

Die Reformed Churches of New Zealand gee in hulle Sinode van 1995 uiting aan hul ernstige kommer oor tendense in die Australiese susterskerke. Hulle noem die volgende sake wat hulle verontrus:

* Neo-Pentekostal invloede in die RCA en in hulle Teologiese Skool;
* standpunte oor toelating van vroue tot die besondere ampsdienste in hulle midde;
* besluite van die RCA oor Woord en Gees en
* afwykings van die gereformeerde liturgie en aanbidding.

Die Nieu-Seelandse Sinode verklaar: Ons bande met die RCA het as gevolg van die genoemde tendense 'onder druk gekom.'[16]

Ons DKBK rapporteer aan die Sinode van 1997: Ons het nie die acta van die RCA se laaste Sinode ontvang nie. Hulle sal aan die Australiese kerke skryf en navraag doen oor die sake wat die Nieu-Seelandse kerke kwel.[17]

Ons tyd word gekenmerk deur verandering, ja, verandering in 'n vinnige tempo. Die moderne mens twyfel. In sy onsekerheid soek hy. Hy vlug na vernuwing, vind nie wat hy soek nie en verander maar weer. Wat van die ou geloof wat rus bring en seker maak? Hy breek met die hele verlede. Die geskiedenis is vir hom waardeloos.

Die sieklike sug na verandering neem in die laaste kwart van die twintigste eeu 'n epidemiese omvang aan, ook in die kerklike lewe. Kerkgroepe wat enkele dekades gelede nog die Woord en die daarop gegronde belydenis as rigsnoer aanvaar het, is na die storm van verandering onherkenbaar. Leertug toepas? Hulle sê: Dit is liefdeloos. Kerkgroepe wat 'liefde' propageer, dryf die skape uit die stal van die Goeie Herder weg en stel hulle aan "elke wind van lering"[18] bloot.

Deputate wat deur die kerke geroep word om van ontwikkelinge en tendense in buitelandse kerke op die hoogte te bly ten einde betyds rooi ligte te laat flikker, kan weens die vinnige kerklike veranderings in hierdie tyd nie met kennisname van driejaarliks verskynende sinode-acta volstaan nie. Hulle sal ook belangrike publikasies in buitelandse kerke moet lees om hulle taak behoorlik na te kom. Hulle moet liefde kan betoon deur tydig te waarsku teen tendense wat die eenheid in leer, diens en tug bedreig.

Ons moet helaas konstateer dat deputate van die ontwikkelinge in die Weste en die Ooste onvoldoende kennis dra. Hulle weet nie hoe om die Sinode te adviseer oor korrespondensie met kerke in Noord-Amerika nie, 'n korrespondensie wat die Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland reeds beëindig het. Hulle weet nog nie van enige probleem in die kerke van Australië nie (die acta is nog nie ontvang nie), terwyl die kerke in Nieu-Seeland verklaar: Die toestand in daardie kerke laat die korrespondensie 'onder druk kom.'

Die vraag kom na vore: Watter opdrag behoort die Sinode aan die DKBK te gee om die bestaande onwetendheid in sekerheid te laat verander? Hierdie vraag wat 'n 'verandering' ten goede beoog, geniet ons aandag onder die volgende opskrif. Daar kom eers nog ons korrespondensie met kerke in die verre Noorde ter sprake.

## Die Nederlands Gereformeerde Kerken (NGK)

Die NGK het die Dordtse kerkorde vervang met hulle 'Akkoord van kerkelijk samenleven'. Ons Sinode van 1994 het aan hulle gevra om 'n nadere verklaring van artikels 17 en 30 van hierdie 'Akkoord' te gee.[19] Die NGK antwoord dat hulle Landelijke Vergadering artikel 17 en hulle formulier vir bevestiging van predikante verander en aangevul het. Die Sinode van 1997 oordeel dat hierdie wysigings en aanvullings die vrae wat ons gestel het, voldoende beantwoord.[20]

Die NGK het ook kennis gegee van hulle besluit oor toelating van vroue tot die amp van diaken.[21] Die Christian Reformed Church het oor die posisie van die vrou in die kerk van Christus al vroeër 'n veel verder strekkende besluit geneem deur vroue tot al die besondere ampte toe te laat. Die Sinode het hierdie besluite na die studiedeputate oor 'die vrou in die amp' verwys.

Die posisie van die vrou in die kerk staan op die program van hierdie artikelreeks. Die Sinodebesluit oor die opdrag aan die studiedeputate sal - as die HERE wil - in een van die volgende artikels oor dié saak getoets word. In hierdie verband volg net 'n opmerking met 'n vraag wat daaraan verbind word.

Hoe verskillend daar ook al gedink en geskryf word - ons stem saam dat die uiteenlopende gedagtes oor die posisie van die vrou 'n ingrypende kwessie is, 'n kwessie wat die kerke wêreldwyd in beroering bring. 'n Sinode wat die erns van hierdie kwessie met die gepaardgaande kerkstryd en -skeuring besef, sal tog sekerlik aan korresponderende kerke die vraag stel: Waarom neem u besluite oor sulke belangrike sake selfstandig, sonder om eers die ekumeniese gemeenskap van korresponderende kerke te raadpleeg en sodoende die uiterste te doen om die eenheid in leer, diens en tug te bewaar? Ek vra: Waarom het die Sinode van 1997 nie besluit om hierdie vraag aan die korresponderende kerke voor te lê nie? Ons is tog verplig, geroepe om in situasies soos hierdie 'n dringende oproep tot handhawing van die eenheid in die waarheid te laat uitgaan?

Wat die wysigings en veranderings in die 'Akkoord' en bevestigingsformulier van die NGK betref, moet daar enkele indringende vrae gestel word: Wat behels hierdie wysigings en veranderinge, veral in die raamwerk van die 'preambule' in hulle 'Akkoord van kerkelijk samenleven'? Is die Sinode genoegsaam deur die DKBK ingelig voordat daar besluit is dat ons vrae voldoende beantwoord is en ons dus die korrespondensie sonder enige probleem kan laat voortbestaan? Is aan die Sinode voorgehou dat - om slegs een voorbeeld te noem -

[16] 201:3.9.3.

[17] 202:4.4.

[18] Ef 4:14.

[19] 119:3.5.4; 214:2.2.1.

[20] 214:2.2.1.

[21] 214:2.2.2.

[22] 1 Joh 4:1.

[23] Es 33:1-6.

[24] Joh 17:21.

daar ses samesprekings tussen hulle deputate en deputate van die Gereformeerde Kerken (vrygemaak) gevoer en genotuleer is? En dat die Sinode van die vrygemaakte kerke besluit het: Vanweë die ongenoegsame binding aan die gereformeerde leer in die NGK ontbreek die hegte fondament vir verdere samespreking?

Om die ekumeniese eenheid in die waarheid te bewaar is dit noodsaaklik dat korresponderende kerke mekaar onmiddellik by die minste bedreiging van hulle eenheid in die HERE waarsku. In ons tyd van 'verandering' is kennisname van sinode-acta nie voldoende om op hoogte van sake te bly nie. Om mekaar liefdevol in die eenheid van geloof by te staan, is noukeurige kennis van mekaar se ontwikkelinge en tendense 'n onmisbare voorvereiste. Gebrek aan hierdie kennis en uiteraard ook gebrek aan skriftuurlike insig by die beproewing van die geeste,[22] het die rampsalige gevolg dat ons die roeping van "die brandwag" in ons wêreldwye gemeenskap van korresponderende kerke versaak. Skuldige onwetendheid geld vir onse God nie as 'n verontskuldiging nie. Inteendeel, die HERE eis die bloed van afdwalende kerke wat ons tydig moes gewaarsku het, van ons hand ...[23]

Vanweë ons onwetendheid insake die bogenoemde vier buitelandse kerkgroepe staan die eenheid in leer, diens en tug met hulle nie bo enige twyfel vas nie. Daarom moet die kerke en die lede op hulle hoede wees en nie lidmaat-getuienisse sonder meer as wettige attestasies aanvaar nie.

**Advies**

Leser, indien u met die inhoud van hierdie artikel saamstem, versoek u kerkraad om die volgende te onderneem:

* Aanvaar geen lidmaat-getuienisse uit die genoemde vier buitelandse kerke as wettige attestasies sonder om vooraf seker te maak dat die betrokke lidmaat met ons een is in leer, diens en tug nie.

* Stel die volgende *beskrywingspunte* (met motiverings) op vir die volgende Klassis, wat na moontlike verbetering via die agenda van die volgende Partikuliere Sinode op dié van Sinode 2000 geplaas word.

- Korrespondensie met 'n buitelandse kerk kan na ondersoek insake eenheid in leer, diens en tug deur deputate van alle kerke in die kerkverband aangegaan word.

- Deputate Korrespondensie met Buitelandse Kerke kry opdrag om behalwe van die acta van sinodes ook van ander publikasies in buitelandse kerke sodanig kennis te neem dat hulle van ontwikkelinge en tendense op hoogte bly en by enige bedreiging van die eenheid in leer, diens en tug betyds waarsku.

- Die Sinode verhoog die getal deputate sodat hulle in groepe van ten minste twee persone die werksaamhede kan verdeel. Elke groep neem kennis van die ontwikkelinge en tendense in een van die korresponderende kerke. Voorstelle van elke groep word deur die hele deputaatskap behandel.

- In gevalle van geskille in en skeuring van buitelandse kerke tree die Sinode voor sy oordeelvorming en besluitneming volstrek onpartydig op.

Mag ons ywer vir die ware ekumeniese eenheid van die kerk steeds gefundeer bly op die gebed van ons Kerkhoof: "dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het."[24]

---

**Boekbekendstelling:**

# BYBELSE RIGLYNE VIR 'N SUKSESVOLLE HUWELIK

BYBELSE RIGLYNE VIR 'N SUKSESVOLLE HUWELIK – daar is hoop vir u huwelik.
Ds. Hanan Viljoen.
96 p.

Rig Publikasies
Dickensonslaan 1436
Waverley
Pretoria
0186
Tel 012 332 1474

Vanuit die sielkunde word velerlei oplossings aangebied om gesinsprobleme die hoof te bied. Wie egter op hierdie "oplossings" ingaan, kom agter dat daar baie verskillende antwoorde gegee word. Die antwoord hang af van die bepaalde sielkundige agtergrond of skool waaruit die berader kom. Iemand wat hieroor navorsing gedoen het vir 'n verhandeling het vasgestel dat daar nie minder as 200 verskillende sielkundige teorieë en mensbenaderings is nie. Watter een van die 200 is nou die regte een ? Elke sielkundige, terapeut of berader sou waarskynlik sy eie metode wou verdedig.

Teenoor die onseker, wisselende en dikwels misleidende antwoorde, het ons in die Bybel die absoluut betroubare en vasstaande antwoorde van God self. Jesus spreek in sy gebed in Johannes 17:17 gerusstellende woorde uit as Hy verklaar: U Woord is die waarheid.

Die Skrif het nie net die enigste betroubare boodskap vir ons skuld en veroordeling voor God nie. Dit het ook die enigste betroubare antwoord vir ons gesinslewe. Wie doen wat die Here sê vind dat dit werk. Dit is die sleutel tot suksesvolle gesinsverhoudings. Wie soek na helder verduidelikings en toepassings van Bybelse riglyne vir 'n suksesvolle huwelik, sal hierdie boekie waardevol vind.